Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 8 Februarie 2019

**1. VATHANDE INTERHUIS-KOMPETISIE** :

Die Wonnies gee werklik om soos gesien is tydens die Vathande Interhuis-kompetisie. Die koskaste is weer voller en dit is baie interessant om waar te neem watter huis en graad het hiér hande gevat het en as voorlopers uit die stryd getree het:



HUISE:

1. Vikings
2. Samurai
3. Knights
4. Spartane

GRADE:

1. Graad 12
2. Graad 10
3. Graad 11
4. Graad 8
5. Graad 9



**3. MEEGEVOEL:**

Ons skool se innige meegevoel gaan uit aan elke leerder, ouer en personeellid verbonde aan die Hoërskool Driehoek.

**4. STRUKTURELE ONDERSOEK:**

Aan die hand van die hartseer gebeure by die Hoërskool Driehoek en om te verseker dat ons eie skool veilig is, is daar besluit om die diens van 'n ingenieur te kry ten einde die hele skool struktureel te evalueer.

**5. D6-CONNECT:**

Graag wil ons u as ouer aanmoedig om die D6-Connect toepassing te gebruik. U kan die toep aflaai vanaf die skool se webwerf by www.wonnies.co.za. Ingesluit as deel van die toepassing, is die gebruik van die "Cashless Wallet" / Geldlose Beursie (Bestudeer gerus die video op ons skool se webblad), vir betalings. Huidiglik is nog net die 'skoolfonds-betaling' opgestel, maar alle ander betalings gaan binnekort opgelaai wees. U kan dus vanaf u eie selfoon alle gelde rakende die skool bestuur. Die Geldlose Beursie werk soos volg:

1. Registreer op die D6-Connect toep vanaf die skool se webwerf. 'n "Cashless Wallet" word outomaties geskep, wat geskakel is met u selfoonnommer.
2. Kies die *"i"* konneksie, regsonder op die skerm.
3. Kies "Finance" om na die finansies te beweeg.
4. U kan u "Cashless Wallet" opvul deur geld daarin te plaas (U kan geld "EFT" of by 'n kitsbank / OTM geld met die unieke nommer oorplaas as u nie toegang tot internetbankdienste het nie).
   - 4.1 Gebruik u unieke rekeningnommer.
   - 4.2 Inligting rakende die funksie kan bestudeer word deur te kliek op "Finance" en te gaan lees op die blou ⊕-knoppie.
   - 4.3 Betalings neem 30 sekondes tot 45 minute om te wys op u "Cashless Wallet", waarna 'n kennisgewing gestuur word as bewys dat die geld oorbetaal is.
5. Volg dié stappe ten einde betalings vanuit die "Cashless Wallet" te doen:
   - 5.1 Kies "Pay"/'Betaal' langs die item wat u wil betaal, bv. skoolgelde.
   - 5.2 U sal 'n OTP ("One-time-pin") ontvang om te gebruik vir verdere toegang.
   - 5.3 Druk "Pay now"/ 'Betaal nou' om die transaksie te voltooi.
6. Elke keer as u 'n transaksie wil doen, gaan u 'n nuwe OTP-nommer kry.
7. U kry ook vir elke transaksie 'n kwitansie vanaf D6-Connect.

## 6. SELFONE BY DIE SKOOL:



Ons vra asseblief u samewerking rakende selfone by die skool. Leerders kom meld aan dat hul selfone weggeraak het. Die selfone word egter in sportsakke en tasse oral op die terrein gelos.

Volgens die skool se Gedragskode vir leerders (in elke leerder se dagboekie) aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir die veilige bewaring van selfone nie en sal ook geensins die diefstal of wegraak van selfone ondersoek nie.

## 7. WONNIE-IDOLS:

Die Wonnie-Idols Gala-aand vind op 8 Maart 2019 in die Wonderboomsaal plaas. Kaartjies is te koop by juf. N van Heerden teen R30.00 per persoon. Baie geluk aan die volgende Wonnies wat deurgedring het na die finaal:

De Kock Carolyn
Fourie Zander
Hendricks Angelique
Kruger Brendon
Mabusela Basi
Van den Berg Vasti
Venter Inus
Worst Lisa

De Kock Xander
Grobler Leanne
Henning Lené
Krüger Kayla
Odendaal Hestie
Van der Berg Tia
Warnick Rowan

## 8. VAKVERANDERING:

Leerders in Graad 10-11 mag vakke verander. Die vakveranderings is huidiglik gesluit tot en met Maart-maand ten einde leerders eers geleentheid te gee om toetse in die vakke af te lê.

## 9. BETALING VAN HUISHEMPIES:

Alle betalings van huishempies moet teen 15 Februarie afgehandel wees. Huishempies wat oorbly, gaan daarna terug na die verskaffer. U kan dan by Totiusdal Handelshuis huishempies gaan aanskaf.

## 10. GHOLF-DAG:

Die Hoërskool Wonderboom bied op 1 Maart 2019 'n gholfdag by Akasia-Gholfbaan aan. Kontak gerus mnr. Janse van Rensburg by 012 335 6806 (Uitbreiding 126) vir verdere navrae of bestudeer die aangehegte inskrywingsvorm.

M LEZAR
SKOOLHOOF

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806/7
Faks: (012) 335-6587
Webblad: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

Hoërskool Wonderboom

Geagte Ouers en Vriende

**Insake: Wonderboom Gholfdag - 1 Maart 2019**

Die jaarlikse gholfdag van die skool se sport, vind hierdie jaar plaas op Vrydag, 1 Maart, by die Akasia Gholfklub in Pretoria. Ons nooi alle ouers en vriende van die skool om 'n vierbal in te skryf en sodoende die skool te ondersteun om spelers wat nie toere kan bekostig nie , instaat te stel om wel die toere te kan meemaak.

**Koste: R 1 200 per vierbal ( R300 per persoon ) Die prys sluit dan die spelersfooi en aandete in.**

Indien u belangstel om 'n vierbal in te skryf, skakel dadelik met mnr. Janse van Rensburg by 082 417 2509 om u vierbal te bespreek en afslaantye vas te maak. **Onthou asseblief dat gholfkarretjies self voor die dag met die gholfbaan bespreek moet word.**

Die gelde moet asseblief voor die tyd inbetaal word en strokies moet dan na die skool gefaks word by 012 335 - 6587. Indien dit nie voor die tyd inbetaal kan word nie, tref asseblief 'n reëling met mnr. Janse van Rensburg.

ABSA - Ben Swartstraat
Rek: 090 390 120
Tak: 334 645
Tjekrekening

Vierbal ( Vul asseblief die name van die vierbal in en stuur dit saam met die bewys van betaling na Faks: 012 335 6587, vir aandag mnr. Janse van Rensburg )

1.......................................... 2 ................................................

3 ....................................... . 4................................................

Baie dankie vir u ondersteuning.

Wonniegroete

.............................................. ..........................

JH JANSE VAN RENSBURG
ORGANISEERDER

MNR M LEZAR
SKOOLHOOF

Integriteit Respek Verantwoordelikheid Diensbaarheid Erkenning